

Suid-Afrikaanse Reserwebank

Verkorte Presidentsrede tydens die tagtigste gewone algemene vergadering van aandeelhouders

29 Augustus 2000

Inleiding

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het gedurende die afgelope jaar weer eens die talle uitdagings wat van die veranderende binnelandse en internasionale omgewing voortgevloei het, met groot sukses die hoof gebied. Die Bank se aanpassingsvermoë is sonder enige twyfel bewys deur die hantering van veranderinge soos die implementering van inflasiemikpunte as die monetêre beleidsraamwerk, die inligtingstegnologiese en ander probleme wat met die oorgang na die nuwe millennium ontstaan het, en die handhawing van finansiële bestendigheid tydens uiters wisselvallige toestande. Die Bank het ook daarin geslaag om die doeltreffendheid en effektiwiteit van interne administratiewe prosedures te verbeter en 'n plan is opgestel om diensbillikheid in alle beroepsvlakke teweeg te bring.

Die binnelandse ekonomie het ook baie goed by wisselvallige internasionale finansiële markte aangepas. Die ekonomiese oplewing in talle wêrelddele, tesame met volgehoue lae inflasie, was vir Suid-Afrika voordelig. Sekere inherente swakhede in die wêreld ekonomie het egter 'n negatiewe uitwerking op binnelandse finansiële markte en uiteindelik ook op die oplewing in binnelandse produksie gehad.

Gedurende die eerste helfte van 2000 het die eksterne wanbalanse in die wêreld die finansiële markte ontwig. Die risiko's van skielike veranderinge in marksentiment is deur toenames in aandele- en eiendomspryse vererger. Boonop het internasionale oliepryse skerp begin styg toe die Organisasie van Petroleumuitvoerlande (OPUL) en verskeie ander olieprodusente produksie ingeperk het. Dit het wesenlik op die invoerrekening en pryse in Suid-Afrika ingewerk. Ondanks hierdie ontwikkelinge, het Suid-Afrika se betalingsbalans inherent gesond gebly en die land se buitelandse reserwes het aansienlik toegeneem.

Internasionale persepsies jeens Suid-Afrika het in 2000 verswak vanweë ontwikkelinge in sommige dele van Afrika suid van die Sahara. Onbestendige sosio-politieke toestande het in 'n aantal lande voortgeduur en tot konflikte in dele van die vasteland gelei. In die besonder het gebeure tydens die aanloop tot die algemene verkiesing in Zimbabwe, Suid-Afrika se binnelandse finansiële markte negatief beïnvloed en die land se ekonomiese vooruitsigte ongeregverdig onder verdenking gebring.

'n Grondliggend gesonde betalingsbalans

Gebeure in die streek, 'n verskuiwing van fondse weg van lande ryk aan grondstowwe na hoëtegnologie- en vervaardigingsgerigte volkshuishoudings, die herontplooiing van portefeuljes as gevolg van die skerp styging in energiepryse en hoër internasionale rentekoerse het aanleiding gegee tot groot netto verkope van effekte deur nie-inwoners ten bedrae van R15,3 miljard in die ses maande tot einde Julie 2000. Aanvanklik kon 'n invloeiing van ander kapitaal die netto verkope van binnelandse effekte deur nie-inwoners teenwerk. In die tweede kwartaal van 2000 is 'n netto uitvloeiing van fondse van R5,9 miljard egter aangeteken.

Hoewel 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans vanaf die tweede kwartaal van 1999 voorgekom het, het hierdie tekort nie $\frac{1}{2}$ persent van die bruto binnelandse produk oorskry nie en in die tweede kwartaal van 2000 is 'n oorskot van R5,7 miljard teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers aangeteken. Die sterk vertoning van die lopende rekening kan grootliks aan die groei in die goedere-uitvoer toegeskryf word.

As gevolg van die uitwerking van hierdie ontwikkelinge op die lopende en finansiële rekening van die

betalingsbalans, het die totale netto goud- en ander buitelandse reserwes vanaf die einde van 1998 tot Maart 2000 met bykans R28 miljard toegeneem, voordat dit in die daaropvolgende drie maande met R4,4 miljard afgeneem het. Teen die einde van Junie 2000 het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die land nietemin op R69,8 miljard te staan gekom, wat gelykstaande is aan die waarde van ongeveer 15 weke se invoer van goedere en dienste.

Soos wat verwag kon word, het hierdie grondliggend gesonde betalingsbalanssituasie aanvanklik tot taamlik bestendige toestande in die mark vir buitelandse valuta gelei. Vanaf die begin van 2000 tot 30 Mei 2000 het die nominale effektiewe wisselkoers van die rand egter met ongeveer 8¹/₂ persent afgeneem. Teen die einde van Mei het die optrede van nie-inwoners in die sekondêre effektemark begin verander en die geweege waarde van die rand het op 14 Augustus 2000 weer tot 'n vlak toegeneem wat ongeveer 4 persent laer was as aan die begin van die jaar.

Lewendige maar onbestendige finansiële markte

Die depresiasie van die rand was een van die faktore wat in 2000 tot 'n tydelike ommekeer in die afwaartse beweging van langtermynrentekoerse en -opbrengskoerse in Suid-Afrika bygedra het. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatsseffekte het van 18,3 persent in September 1998 tot 'n daaglikse gemiddelde van 13,3 persent in die middel van Februarie 2000 gedaal. Daarna het die daaglikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynseffekte opwaarts beweeg om op 10 Mei 2000 'n hoogtepunt van 15,2 persent te bereik, voordat die terugkeer na bestendiger finansiële toestande dit tot 13,6 persent op 18 Augustus 2000 laat daal het. Die maandelikse gemiddelde inflasie-aangesuiwerde opbrengskoers op langtermynstaatsseffekte het 5,5 persent in Julie 2000 bedra, vergeleke met 10 persent in September 1998.

Die aandelemark het na die finansiële krisis in 1998 'n lang en moeilike herstelfase beleef. Die daaglikse gemiddelde indeks van alle klasse aandeelpryse het vanaf die einde van April 1998 tot die einde van Augustus 1998 met nie minder nie as 40 persent gedaal en daarna geleidelik tot 'n nuwe rekordhoogtepunt op 17 Januarie 2000 van 10 persent bo die vorige hoogtepunt in April 1998 gestyg. Stygende rentekoerse, die depresiasie van die rand en prysaanpassings op belangrike internasionale beurse het 'n afname in die daaglikse gemiddelde indeks van aandeelpryse van 28 persent tot en met 17 April 2000 tot gevolg gehad, waarna dit weer begin herstel het. Op 18 Augustus 2000 was die daaglikse gemiddelde indeks van alle klasse aandeelpryse nietemin 10 persent laer as die hoogtepunt op 17 Januarie 2000.

Die verhandeling van effekte in die sekondêre mark is deur die onsekerheid in internasionale markte verhoog. 'n Rekordomset van R8 800 miljard is in 1999 op die Effektebeurs van Suid-Afrika aangeteken, gevolg deur R6 200 miljard in die eerste sewe maande van 2000. Die waarde van aandeel wat in die sekondêre aandelemark verhandel is, het tot R448 miljard in 1999 gestyg, wat 40 persent meer as in 1998 was. Die onbestendigheid in aandeelpryse het verhandeling gedurende 2000 verder aangewakker. Die waarde van aandeel wat in die eerste sewe maande van hierdie jaar verhandel is, was 25 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1999.

In teenstelling met die onbestendige toestande in die effekte- en aandelemarkte, het rentekoerse in die geldmark gedurende 1999 skerp gedaal en gedurende die eerste sewe maande van 2000 nie juis verander nie. Hierdie bestendigheid was hoofsaaklik die gevolg van die monetêre beleidstand van die Reserwebank.

Verlangsaam in ekonomiese oplewing

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het gedurende 1999 duidelike tekens van 'n sterk ekonomiese oplewing getoon. Die groei van kwartaal tot kwartaal in die seisoensaangesuiwerde reële bruto binnelandse produk teen 'n jaarcoers het van 1 persent in die eerste kwartaal van 1999 tot 3¹/₂ persent in die vierde kwartaal versnel. Boonop het die uitbreiding in ekonomiese bedrywigheid deur die loop van dié jaar baie meer wydverspreid voorgekom.

In teenstelling met algemene verwagtinge het die koers van uitbreiding in die ekonomie in die eerste helfte van 2000 verlangsaam. Groei in die reële bruto binnelandse produk het tot 1 persent in die eerste kwartaal van 2000 en 1¹/₂ persent in die tweede kwartaal gedaal. Dit kon in groot mate aan 'n afname in die

produksie van die primêre sektore toegeskryf word, maar fabrieksproduksie is ook deur die negatiewe gesindheid van sakelui beïnvloed.

As gevolg van hierdie ontwikkelinge het voorraadopbouing in die tweede kwartaal van 2000 afgeneem. Nadat die finale binnelandse vraag in die eerste helfte van 1999 afgeneem het, het dit in die vier kwartale tot Junie 2000 teen betreklik matige koerse van tussen 1 en 21,2 persent toegeneem.

Die matige ekonomiese groei oor die afgelope agtien maande was nie vir betekenisvolle werkskepping bevorderlik nie. Verdere afnames in werkverskaffing is in sowel die private sektor buite die landbou as in die openbare sektor aangeteken, wat deur toenames in die informele sektor teengewerk is. Terselfdertyd het die groei in nominale arbeidseenheidskoste beduidend verlangsaam vanweë laer verhogings in arbeidsvergoeding per werker en 'n toename in produktiwiteit. Die koers van toename in die nominale arbeidseenheidskoste het van 8,9 persent in 1998 tot 3,2 persent in 1999 en slegs 0,5 persent in die eerste kwartaal van 2000 verlangsaam, vergeleke met dieselfde tydperk in die voorafgaande jaar.

Dissipline in fiskale beleid

Die omsigtige fiskale beleid en doeltreffende openbare administrasie het die leningsbehoefte van die openbare sektor van R25,6 miljard in die fiskale jaar 1998/99 tot R10,9 miljard in die fiskale jaar 1999/2000 laat daal. 'n Afname in investeringsbesteding deur groot openbare ondernemings en korporasies was vir ongeveer 25 persent van die vermindering in die leningsbehoefte van die openbare sektor verantwoordelik. Die oorblywende afname van 75 persent in die leningsbehoefte kan grotendeels toegeskryf word aan die aansienlike inperkings van bestedingstoewysings en doeltreffender invorderingsprosedures vir inkomste- en ander belastinge.

Groter prysbestendigheid

Die doeltreffende fiskale, monetêre en ander beleidsmaatreëls wat deur die owerhede gevolg is, tesame met laer internasionale inflasie, het bygedra om groter prysbestendigheid in Suid-Afrika te bewerkstellig. In 1998 en 1999 was die koers van toename in die verbruikersprysindeks waarvan verbandkoerskoste uitgesluit is (die VPIX) gemiddeld 7 persent per jaar. Hierdie koers van toename kan met inflasiekoerse in die omgewing van 15 persent in die tagtiger- en vroeë negentigerjare vergelyk word.

Gedurende 1999 het die groeikoers oor twaalf maande in die VPIX van 7,3 persent in Maart 1999 tot 6,5 persent in Oktober verlangsaam, maar daarna het dit tot 8,0 persent in Julie 2000 versnel. Die styging in inflasie was grootliks die gevolg van skokke soos die hoër internasionale oliepryse, vloede en onbestendige finansiële markte. Indien die invloed van die prysstyging in petrol, diesel en voedsel van die VPIX uitgesluit word, het die koers van toename oor twaalf maande in ander verbruikerspryse van 6,8 persent in Oktober 1999 tot 6,7 persent in Julie 2000 gedaal.

Onlangse ontwikkelinge in monetêre groothede hou goeie vooruitsigte vir die bekamping van inflasie in, mits die regstreekse uitwerking van eksterne skokke bedaar en die sekondêre invloed van die styging in oliepryse in bedwang gehou kan word. Die vlak van die omvattende gedefinieerde geldvoorraad (M3) aan die einde van Junie 2000 was feitlik dieselfde as aan die einde van 1999, terwyl die groei in kredietverlening deur banke, wat in die tweede helfte van 1999 tot enkelsyfervlakke gedaal het, in die eerste helfte van 2000 laer as 10 persent gebly het.

Monetêre beleid in 'n wisselvallige omgewing

Die wisselvalligheid in die finansiële markte het in die afgelope jaar 'n wesenslike invloed op monetêre beleid gehad. Aanvanklik het aanduidings dat die krisis van 1997/98 in ontwikkelende markte besig was om te bedaar, dit moontlik gemaak om die streng monetêre beleid te verslap. Die terugkoopkoers van die Reserwebank is toegelaat om van 'n hoogtepunt van 21,85 persent vroeg in Oktober 1998 tot ongeveer 12 persent op 24 November 1999 te daal. Sedertdien was die Reserwebank se doelwit om bestendige geldmarkrentekoerse te bewerkstellig, sodat gekoesterde vrese oor rekenaarprobleme met die datumverandering aan die einde van die jaar besweer sou word en om onbestendige finansiële toestande na Februarie 2000 teen te werk.

Stabiele geldmarkrentekoerse is aangemoedig om onbestendigheid in toom te hou. Onder die omstandighede sou 'n verhoging in rentekoerse nie die gevolge van aanbodkantskokke op binnelandse pryse kon teenwerk nie. Boonop het 'n aantal ander faktore daarop gedui dat die risiko vir stygende inflasie waarskynlik kortstondig sou wees. Ontwikkelinge soos 'n matige groei in nominale arbeidseenheidskoste, fiskale dissipline, die onderbesetting van produksiekapasiteit, lae groei in die geldvoorraad en bankkredietverlening, en 'n omsigtige monetêre beleidstand, dui op gunstige vooruitsigte vir langtermyninflasie.

In 'n verdere poging om groter sekerheid oor die uiteindelijke doelwit van monetêre beleid te bewerkstellig, is inflasiemikpunte as monetêre beleidsraamwerk formeel as deel van oorhoofse ekonomiese beleid in Suid-Afrika aanvaar. Op 23 Februarie 2000 het die Minister van Finansies in die Begrotingsrede 'n gemiddelde jaarlikse inflasiemikpunt van tussen 3 en 6 persent vir die jaar 2002 aangekondig. Hierdie nuwe raamwerk bied 'n anker vir die uiteindelijke oogmerk van monetêre beleid. Die geslaagde toepassing van inflasiemikpunte sal van doelgerigte samewerking tussen die vernaamste belanghebbendes, soos die regering, vakbonde en die sakesektor, afhang.

Die aanvaarding van inflasiemikpunte as die monetêre beleidsraamwerk vir Suid-Afrika hou sekere belangrike implikasies in. Eerstens word die numeriese inflasiemikpunt die oorheersende doelwit van monetêre beleid. Die oogmerk van die raamwerk is uiteraard om die mikpunt te behaal. Dit beteken egter nie dat die sentrale bank sonder enige diskresie gelaat word nie.

Tweedens beteken die nastrewing van inflasiemikpunte nie dat die Reserwebank nie oor die bereiking van volgehoue hoë ekonomiese groei en werkskepping besorg is nie. Monetêre beleid kan nie regstreeks tot ekonomiese groei en werkskepping bydra nie. Deur die daarstelling van 'n bestendige finansiële omgewing kan monetêre beleid egter 'n belangrike voorvereiste vir die bereiking van ekonomiese ontwikkeling vervul.

Derdens, vir die geslaagde implementering van inflasiemikpunte moet die nominale wisselkoers buigsam wees. Waar inflasiemikpunte die monetêre beleidsraamwerk is, moet wisselkoerse hoofsaaklik 'n weerspieëling van die binnelandse monetêre en fiskale beleid van die owerhede wees en deur die vraag na en aanbod van valuta in die markte vir buitelandse valuta bepaal word. Dit sal fluktuasies in die wisselkoers van die rand meebring, maar behoort terselfdertyd binnelandse ekonomiese bestendigheid te bevorder. Die Reserwebank neem nietemin kennis van die newewerking van wisselkoersbewegings op die inflasiekoers.

Vierdens is inflasiemikpunte 'n toekomsgerigte benadering. Monetêre beleid word op die waarskynlike verloop van inflasie gegrond. In enige monetêre beleidsraamwerk moet die sentrale bank besluit hoe sy huidige beleidstand toekomstige prysbewegings sal beïnvloed. Die verskil tussen inflasiemikpunte en ander beleidsraamwerke is dat inflasiemikpunte voorspellings duideliker en deursigtiger maak.

Laastens verhoog inflasiemikpunte die deursigtigheid van en aanspreeklikheid vir monetêre beleid omdat die doelwit van prysbestendigheid as 'n numeriese teiken uitgedruk word wat binne 'n bepaalde tyd behaal moet word. 'n Aantal maatreëls is derhalwe in werking gestel om monetêre beleid te verduidelik.

Dit is tans ook die Bank se oogmerk om sy netto oorverkoopte posisie in buitelandse valuta geleidelik te verminder wanneer toestande dit toelaat. Deur dollars in die mark te koop, is die Bank se netto oorverkoopte posisie in buitelandse valuta van VSA\$23,2 miljard aan die einde van September 1998 tot VSA\$9,9 miljard aan die einde van Julie 2000 verminder. So 'n vermindering dien as teenvoeter vir 'n faktor wat marksentiment nadelig beïnvloed, die onbestendigheid van die wisselkoers van die rand verhoog en bydra tot die blootstelling van die regering aan buitelandse valuta. 'n Laer blootstelling aan buitelandse valuta sal dit makliker maak om fondse in die buiteland te leen.

Handhawing van bestendigheid in die finansiële sektor

'n Bestendige finansiële omgewing vereis sowel lae inflasie as 'n gesonde finansiële sektor. Dit behels bestendigheid in die finansiële markte waar transaksies kan plaasvind teen pryse wat die kragte van vraag en aanbod weerspieël, en met gesonde finansiële instellings wat in staat is om kontraktuele verpligtinge sonder onderbreking of hulp van buite na te kom. Bestendigheid in die finansiële sektor en

prysbestendigheid is onlosmaaklik verweef. Versuim om die een vorm van bestendigheid te handhaaf, skep 'n onsekere bedryfsomgewing vir die ander, met wedersydse gevolge.

Suid-Afrika is gelukkig om oor 'n goed ontwikkelde en gesonde finansiële stelsel te beskik. Suid-Afrikaanse banke word goed bestuur met gesofistikeerde risikobestuurstelsels en korporatiewe beheerstrukture. Hulle is ook goed gekapitaliseer en het aan die einde van Junie 2000 'n gemiddelde risikogeweegde kapitaaltoereikendheidsverhouding van 12,5 persent gehad. Hoewel nie-presterende lenings sedert die internasionale finansiële krisis toegeneem het, het Suid-Afrikaanse banke groter voorsiening vir slegte en twyfelagtige skuld gemaak. Laer inkomste, tesame met hoër bedryfskoste, het egter marginaal laer opbrengste op bates en aandeelhoudersbelange in die eerste helfte van 2000 tot gevolg gehad.

Die Reserwebank streef daarna om 'n doeltreffende banktoesighoudingstruktuur te verseker. 'n Onlangse evaluering ingevolge die Finansiëlesektor-evalueringsprogram van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank, het bevind dat Suid-Afrika aan bykans al die Basel-kernbeginsels vir Doeltreffende Banktoesighouding voldoen. Proaktiewe stappe is reeds gedoen om vereistes wat wel tekort skiet, aan te spreek. Wysigings aan die Bankwet en hersiene Regulasies daarkragtens is voorhande en behoort die land se status in die reguleringsomgewing verder te verhoog.

As gevolg van die ingewikkeldheid van die finansiële stelsel en die verbindings tussen banke en ander finansiële bedrywighede in die land, is 'n Eenheid vir Finansiële Bestendigheid in Julie 2000 in die Reserwebank op die been gebring. Hierdie eenheid sal metodes navors en ontleed om 'n bestendige finansiële stelsel te bevorder en te handhaaf. Die doel is om op oorhoofse finansiële bestendigheid te fokus om sodoende groter vertroue in die binnelandse finansiële stelsel in te boesem, Suid-Afrika se aantreklikheid as finansiële streeksentrum te bevorder en buitelandse investering te lok.

Een van die belangrikste funksies van die bankreguleerder is om die vestiging van nuwe banke goed te keur. Die bevoegdheid om lisensies toe te ken, verskaf die meganisme waardeur die toetrede van banke verhinder word as hulle teenwoordigheid dalk teen die belange van deposante en die betroubaarheid van die bankstelsel kan inwerk. In Suid-Afrika is dit ons benadering om lisensies toe te staan aan alle aansoekers wat aan streng maatstawwe vir toetrede voldoen.

Banke word deurgaans gemonitor om te verseker dat hulle kerngesond bly. Dit word hoofsaaklik deur kwantitatiewe en kwalitatiewe evaluering weg van bankpersele gedoen. In 1999 het die Reserwebank die aanvoorwerk vir die evaluering van kredietrisiko-bestuurstelsels en die ter plaatse-nagaan van bategehalte gedoen. Na verwagting sal die proses in die tweede helfte van 2000 ten volle in werking wees. Aansienlike vordering is ook met die ontwikkeling van gekonsolideerde toesighouding gemaak, dit wil sê met die evaluering van sowel bank- as ander bedrywighede wat binnelands en internasionaal deur 'n bankgroep onderneem word.

Ondanks al hierdie prosedures is dit onmoontlik om te waarborg dat banke nie van tyd tot tyd sekere probleme sal ondervind nie. In sulke gevalle is dit die beleid van die Reserwebank om slegs banke wat 'n tydelike likiditeitsprobleem het, by te staan. In teenstelling hiermee word insolvente banke toegelaat om op 'n ordelike wyse wat so min skade moontlik aan die bankstelsel en deposante sal berokken, uit die bankstelsel te tree.

Wanneer 'n bank op 'n korttermyngrondslag befondsingsprobleme ondervind, word lener-in-die-laaste-instansie-ondersteuning aan so 'n bank voorsien.

Lener-in-die-laaste-instansie-ondersteuning is 'n erkende verantwoordelikheid en praktyk van sentrale banke. Die doel met sodanige bystand is om die betrokke bank in staat te stel om regstellende maatreëls in te stel en om die uitkringende effek van 'n bankstormloop te voorkom. Die likiditeit wat kragtens die funksie van lener in die laaste instansie voorsien word, word slegs op 'n korttermyngrondslag verleen en moet aan sekere belangrike voorvereistes voldoen.

In 'n geïntegreerde wêreld ekonomie is noue samewerking en die uitruil van inligting onontbeerlik. Dit word al hoe belangriker nou dat buitelandse deelname in die Suid-Afrikaanse banksektor aan die toeneem is. Die Bank ontwikkel voortdurend verhoudinge met ander banktoesighouders om uitdagings die hoof te bied wat met internasionalisering gepaard gaan.

Benewens die banktoesighoudingsfunksie, hang bestendigheid in die finansiële sektor af van die beskikbaarheid van geld in omloop en die handhawing van 'n doeltreffende nasionale betaling-, verrekening- en vereffeningstelsel. Die Bank gaan jaarliks aansienlike koste aan om te verseker dat hoëgehalte banknote en munt in omloop is waarmee transaksies uitgevoer kan word.

Verdere vordering is ook met die nasionale betaling-, verrekening- en vereffeningstelsel gemaak om vereffening op dieselfde dag te bewerkstellig. Tans word ongeveer 76 persent van alle betalings in die Suid-Afrikaanse Veelvoudige-opsie Vereffeningstelsel (SAMOS) reeds op dieselfde dag vereffen.

Nog 'n groot uitdaging is die finansiering van klein-, medium- en mikro-ondernemings (SMME's) wat nie oor sekuriteit of ander bates beskik wat as onderpand vir lenings kan dien nie. Die Reserwebank is van mening dat die ontwikkeling van 'n mikroleningsbedryf vir hierdie doel noodsaaklik is. Mikroleners is in 'n gunstige posisie om sodanige finansiering aan SMME's te voorsien, aangesien hulle normaalweg 'n diepgaande kennis van potensiele kliënte het. Die Reserwebank het die mikroleningsbedryf die afgelope paar jaar aktief bevorder.

Uitbreiding van eksterne verhoudinge

Na die normalisering van Suid-Afrika se verhouding met die res van die wêreld, het senior amptenare van die Reserwebank meer betrokke by multilaterale finansiële instellings, ander sentrale banke en internasionale private finansiële instellings geraak. 'n Aantal vergaderings is die afgelope jaar by die IMF en die Bank vir Internasionale Verrekeninge bygewoon, waar huidige ekonomiese en beleidsontwikkelinge met ander sentrale bankiers bespreek is. Die Reserwebank het aktief in die ontwikkeling van standaarde vir 'n nuwe internasionale finansiële argitektuur deelgeneem. Verdere vordering is ook met die uitbreiding van finansiële samewerking tussen die sentrale banke van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) gemaak.

Veranderinge aan interne administrasie

'n Fokusarea in die interne administrasie van die Reserwebank in die afgelope jaar was die vestiging van 'n Begrotingskomitee wat vir die voorbereiding en bestuur van die Bank se bedryfs- en kapitaalbegroting verantwoordelik is. Dié komitee het heelwat oorweging geskenk aan die begrotingsproses en -prosedures wat in die Bank gevolg word, en duidelike reëls is neergelê.

Die Jaar 2000-projek wat in Julie 1996 'n aanvang geneem en met die oorgang na die nuwe millennium 'n hoogtepunt bereik het, is suksesvol voltooi. Dit is met 'n aantal nuwe projekte vervang om die doeltreffendste koste-effektiewe inligtingstegnologiestelsels te verseker, met inbegrip van die verspreiding van ekonomiese data en die opgradering van inligting oor buitelandse valuta.

'n Paradigmaskuif in valutabeheer word tans ondersoek. In die beoogde filosofie sal die meeste transaksies toegelaat word, behalwe sekere gespesifiseerde uitsluitings. Die klem sal op die akkurate verslagdoening van transaksies tussen lande val. Die voltooiing van hierdie studie behoort die samestelling van die betalingsbalans te verbeter.

Soos talle ander sentrale banke, poog die Reserwebank om sy doeltreffendheid en effektiwiteit uit te bou deur op sy kernbedrywighede te konsentreer. Vir hierdie doel word aansienlike klem op die strategiese bestuursproses geplaas. Strategiese beplanning word meer gereeld onderneem. Voorts het die Bank begin met die ontwikkeling van 'n langtermynvisie wat as die raamwerk vir toekomstige beplanning sal dien. As deel van hierdie Visie 2010 is 'n omvattende menslikehulpbronneplan ontwikkel wat die grondslag vir diensbillikheid vorm.

Met dié plan word gepoog om 'n personeelsamestelling te bereik wat teen 2005 uit 'n minimum van 50 persent Swart mense en 33 persent vroulike personeel op alle beroepsvlakke sal bestaan. Die bereiking van hierdie mikpunte sal deur 'n aantal aksieprogramme aangevul word, wat insluit 'n spesiale veldtog om mense uit die aangewese groepe te werf, versnelde bestuursontwikkeling en bevorderings, toegewyde opleiding en ontwikkeling, vroeë aftrede en oortolligheidsprosedures, organisasieherstrukturering, die

bestuur van welsyn en ongeskiktheid, en regstellende aankoopprosedures. Die Bank is eweneens bewus van die behoefte om die nodige vaardighede en langtermyngeheue van korporatiewe aangeleenthede binne 'n veranderende omgewing te behou.

Die Bank beskou die ontwikkeling van die vaardighede en kennis van sy personeel steeds as 'n belangrike verantwoordelikheid. Sowel bekwaamhede wat in die daaglikse bedrywighede van die Bank vereis word, as die algemene ontwikkeling van menslikehulpbronne word benadruk. Die fokus van die Suid-Afrikaanse Reserwebank-kollege is om individue se vaardighede op die terrein van die sentrale bankwese tot die hoogste vlak op te gradeer.

Slotopmerkings en dankbetuigings

Gebeure oor die afgelope jaar versinnebeeld weer hoe verweef Suid-Afrika in die geïntegreerde wêreldedekonomie geraak het. Internasionalisering hou talle voordele vir ontwikkelende markte in. Ongelukkig het internasionalisering, net soos alle goeie dinge in die lewe, sekere nadele. In die besonder het die integrasie van Suid-Afrika in die wêreldedekonomie die land kwesbaarder vir eksterne skokke gemaak. Dit kan die vorm van aanbod-, vraag- en finansiële skokke aanneem. In so 'n onseker omgewing raak die nastrewing van finansiële bestendigheid al hoe gebiedender.

Ten slotte betuig ek graag my dank aan die President en Adjunk-president van die Republiek van Suid-Afrika, en eerwaarde Frank Chikane, die Direkteur-generaal van die Kantoor van die President, vir hul ondersteuning van die werk van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. In die besonder wil ek graag my innige dankbaarheid uitspreek vir hul ondersteuning van die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Graag plaas ek ook op rekord my waardering vir mnr Trevor Manuel, die Minister van Finansies, mnr Mandisi Mphahla, die Adjunk-minister van Finansies, me Maria Ramos, die Direkteur-generaal van die Nasionale Tesourie en die personeel van die Nasionale Tesourie vir hul samewerking met die Bank in die afgelope jaar. 'n Woord van waardering is ook gepas vir mnr Alec Erwin, die Minister van Handel en Nywerheid, dr Alistair Ruiters, die Direkteur-generaal, en die personeel van die Departement van Handel en Nywerheid, wat belangrike medewerkers van die Reserwebank geword het. Insiggewende vergaderings is met die Parlementêre Portefeuljekomitee vir Finansies gehou, waarby ons baie gebaat het. Ek bedank my kollegas op die Raad, insluitende die visepresidente, vir hul verbintenis tot en onverdeelde lojaliteit aan die Bank. Laastens verdien die personeel van die Reserwebank ook dank vir hul werk die afgelope jaar en vir hul lojale ondersteuning.